




DEPARTMENT: AGRICULTURE

# Siektevoorkoming by hoenders



**M.S.K. Mashishi**

2002

Saamgestel deur Direkoraat Landbou-inligtingsdienste, Department van Landbou in samewerking met LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-instituut

Gedruk en uitgegee deur Departement van Landbou en verkrygbaar van Resource Centre, Direkoraat Landbou-inligtingsdienste, Privaatsak X144, Pretoria, 0001 Suid-Afrika



Hierdie publikasie is beskikbaar op die webwerf: [www.nda.agric.za/publications](http://www.nda.agric.za/publications)



Inligting verskaf deur  
*Animal Health for Developing Farmers*  
LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-instituut  
Privaatsak X05, Onderstepoort 0110  
Tel. (012) 529 9158

Siektes kan in die kuikentrop inkom op verskeie maniere:

- mense
- voëls
- knaagdiere
- insekte
- voer en toerusting.



Hierdie siektes lei tot siek kuikens wat kan vrek.

Vir suksesvolle siektevoorkoming moet al die maatreëls tegelyk toegepas word. Kuikens se gesondheid sal byvoorbeeld nie verbeter as inenting wel plaasvind maar behuising of higiëne swak is nie.

Die volgende maatreëls is belangrik vir siektevoorkoming by hoenders.

---

## HUISBESTUUR

- Die ontwerp van die hoenderhuis is baie belangrik. Dit moet maklik wees om die huis skoon te maak en te ontsmet. Krake moet gevul word om te verhoed dat kieme en parasiete daarin oorleef. Die huis moet ook voël- en knaagdierbestand wees. Knaagdiere (rotte en muise) besoedel die voer met hulle mis, wat dit moeilik maak om salmonellose in kuikenhuise te beheer.
- Daar moet goeie ventilasie wees om die opbou van ammoniak te verhoed. Oormatige stof en trekke kan asemhalingsprobleme by kuikens veroorsaak.
- Waar moontlik moet 'n alles-in alles-uitstelsel gebruik word waar kuikens van dieselfde ouderdom in een huis aangehou word. Tussen die verskillende besendings moet die huis deeglik skoongemaak en ontsmet word en dan heeltemal droog word. Hierdie stelsel is doeltreffend om siektes te beheer wat nie lank buite die gasheer (kuiken) oorleef nie.



- Streng maatreëls moet getref word om die beweging van mense en kuikens tussen die verskillende huise te beheer. Mense wat die kuikenhuis binnegaan se skoene moet ontsmet word in 'n voetbad by die ingang.

## HIGIËNE

- Mis en afval moet verwyder en ver van die kuikenhuise op 'n geskikte plek gegooi word. Was die huise deeglik deur hoëdrukspuite en seep te gebruik. Na die seep moet 'n ontsmettingsmiddel toegedien word.
- Alle toerusting wat gebruik word, moet ook gewas en ontsmet word voordat nuwe kuikens in die huis geplaas word.
- Goeie dreinerings behoort 'n prioriteit te wees weens die risiko van siektes en insekprobleme soos muskiete in staande waterpoele. Muskiete kan virusinfeksies soos pokke oordra.



## INENTING

Inenting kan talle siektes voorkom. Daar is verskeie metodes om kuikens in te ent: sproei, drinkwater, inspuittings en die oog-druppel metode.

Sommige entstowwe moet op 'n spesifieke wyse toegedien word, die pokke-inenting moet byvoorbeeld volgens die webvlerk-steekmetode toegedien word en nie in die drinkwater of oog nie.

- Net gesonde kuikens moet ingeënt word.
- Die entstof moet so gou moontlik na meng gebruik word.
- Die entstof moet nie aan sonlig blootgestel word nie, maar koel gehou word.

- Dit is belangrik om op hierdie aspekte te let, anders mag die inentings nie suksesvol wees nie.

## Sproei inenting

Volgens hierdie metode word die entstof gemeng met skoon, koel water wat geen seep- of ontsmettingsmiddel-residu bevat nie. Voeg 2 tot 4 g afgeroomde melkkpoeier by 1 ℓ drinkwater. Die mengsel moet 30 minute staan voordat die entstof bygevoeg word.



Die kuikens moet vroeg in die oggend gesproei word voordat dit te warm word. Gordyne moet gelig word om te verhoed dat wind die entstofdruppels versprei. Spesiale sproeiers word gebruik.

## Oogdruppelentstof


Dit word beskou as die beste metode om goeie beskerming te verkry maar is arbeidsintensief omdat al die kuikens gevang moet word.

Die entstof word in water opgelos voordat dit toegedien word. Net een druppel word in die een oog gedrup.

## Inenting deur middel van drinkwater

Volgens hierdie metode word die entstof met die water gemeng en dan in die drinkbakke gegooi.

Om te verseker dat die kuikens die entstofwater inneem moet die water ongeveer 2 uur voor inenting verwyder word sodat die



kuikens dors is wanneer die entstofbevattende water voorsien word. As dit baie warm is, mag dit nie nodig wees om die water te verwyder nie.


Maak seker dat daar genoeg plekke is waar die kuikens kan drink.

Dit mag ook nodig wees om addisionele waterbakke uit te plaas. Gewone water moet voorsien word nadat die entstofwater op is.

---

## AANKOOP VAN KUIKENS

Indien jy dagoudkuikens van die verskaffer koop, maak seker dat hulle teen Newcastle-siekte en aansteeklike brongitis ingeënt is.



Kuikens wat by veilings of ander plase aangekoop word mag 'n bron van infeksie wees sodra hulle by 'n nuwe trop kuikens geplaas word.

---

## ANDER

As enige mineraal- of vitamientekort vermoed word, moet aanvullings verskaf word.

Vrylopende kuikens moet gereeld ontworm word aangesien hulle met wurms besmet kan raak terwyl hulle kos soek.

Vir verdere inligting kontak jou  
dieregesondheidstegnikus of veearts  
of  
Inligting verskaf deur  
*Animal Health for Developing Farmers*  
LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-instituut  
Privaatsak X05, Onderstepoort 0110  
Tel. (012) 529 9158  
of  
Resource Centre, Departement van Landbou  
Tel (012) 319 7141/7085